Kennisgewing van voorneme om kragtens artikel 20(1)(d) van die Wet vir die permanente/tydelike oordrag van lisensie na 'n ander perseel aansoek te doen

VORM 11

Nuwe lisensie kragtens artikel 31(3) van die Wet vir die oordrag van 'n lisensie na 'n ander perseel om die besigheid waarop die lisensie betrekking het te bestuur

VORM 12

Aanstelling kragtens artikel 33(1) of (2) van die Wet van 'n natuurlike persoon en daarvoor verantwoordelik te wees

VORM 13

Kennisgewing kragtens artikel 25(1) van die Noord-Kaap Drankwet, 2008 om by 'n vergadering van die Drankraad teenwoordig te wees

VORM 14

Register van gaste

VORM 15

Advies van jaarlikse gelde betaalbaar ten opsigte van 'n dranklisensie vir die jaar

VORM 16

Appél na die verantwoordelike Lid kragtens artikel 34 van die Wet

HOOFSTUK I WOORDOMSKRYWING

Woordomskrywing

1. In hierdie Regulasies en in die vorms in die Aangangsel daarby vervat, behou enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Noord-Kaap Drankwet, 2008 toegeken is, daardie betekenis, tensy uit die samehang anders blyk, en daarbenewens beteken -

“aansoeker” enigiemand wat kragtens hierdie Regulasies 'n aansoek doen;

“die Wet” beteken die Noord-Kaap Drankwet, 2008;

“geldelike belang” ook -

- (a) enige sodanige belang wat in 'n besigheid verkry is en wat regstreeks of onregstreeks met die winsgewendheid, met inbegrip van die omset van die besigheid, verband hou;
- (b) enige belang wat voortspruit uit 'n voorskot van geld by wyse van 'n lening aan die aansoeker vir 'n lisensie of aan sy of haar prinsipaal of nomineerder vir doeleindes wat regstreeks verband hou met die besigheid wat onder die lisensie voortgesit sal word,

maar sluit nie sodanige belang in wat nie 'n beherende belang is wat in of deur 'n openbare maatskappy, 'n koöperatiewe vereniging, of 'n finansiële instelling wat ingevolge 'n wet op finansiële instellings geregistreer is, verkry is nie;

“hoof uitvoerende beampte” die hoof uitvoerende beampte van die Raad wat kragtens artikel 12 van die Wet aangestel is, en met die adres Privaatsak X6108, Kimberley, 8300.

HOOFSTUK II AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 20 VAN DIE WET VIR 'N LISENSIE

Indiening van aansoek

2. 'n Aansoek vir 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en geleentheidslisensie) moet per geregistreerde pos by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

3. (1) Die aansoeker moet skriftelik in viervoud vir 'n lisensie aansoek doen, wesenlik in die vorm van Vorm 1 in die Aangangsel vervat, en moet -
- (a) in die genoemde aansoek die inligting verstrek wat in die genoemde Vorm gevra word; en
- (b) aan die einde van die genoemde Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van -
- (a) 'n plan van die perseel, waarop duidelik aangedui word -

- (i) die afmetings van elke vertrek;
 - (ii) alle deure, vensters en toonbanke (waar toepaslik) en die wyse van binne- en buiteverbinding; en
 - (iii) die strate en plekke waarheen sodanige buiteverbinding lei;
- (b) 'n beskrywing van die perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meublement, vaste en los toebehore en vloerbedekking, welke beskrywing in 'n afsonderlike dokument vervat moet wees, en as die gebou reeds voltooi is, kleurfoto's wat bogenoemde duidelik uitbeeld;
- (c) volledige skriftelike vertoë ter ondersteuning van die aansoek; en
- (d) sodanige dokumente as wat deur Vorm 1 vereis word om by die aansoek aangeheg te wees.
- (3) Indien gelyktydig vir goedkeuring kragtens artikel 57(1) van die Wet aansoek gedoen word, moet die aansoeker -
- (a) indien die goedkeuring op die perseel uitgeoefen gaan word, die tersake inligting en besonderhede betreffende sodanige plek by die plan en beskrywing of foto's van die perseel in subregulasie (2)(a) en (b) genoem, insluit; of
 - (b) indien die goedkeuring op 'n aangrensende of nabygeleë perseel uitgeoefen gaan word, die bepalings van regulasie 41(2)(a), (b) en (c) nakom.

Kennisgewing van voorneme om aansoek te doen en toestaan van aansoek

4. (1) Die kennisgewings in artikel 20(1)(d) van die Wet genoem, moet deur die aansoeker gepubliseer word, wesenlik in die vorm van Vorm 2.
- (2) Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n lisensie, wesenlik in die vorm van Vorm 3 in die Aanhangsel vervat, uitgereik.

Verwysings ter beskrywing van enige bepaling, toestemming, goedkeuring of magtiging

5. (1) Die volgende verwysings in die kennisgewings in regulasie 4 genoem, moet gebruik word om enige goedkeuring waarvoor gelyktydig aansoek gedoen word, te beskryf:
- (a) Goedkeuring kragtens artikel 4(5)(a) van die Wet om ander besigheid op die perseel voort te sit.
 - (b) Goedkeuring kragtens artikel 57(1)(a) of (b) van die Wet om drank kosteloos te verskaf, uitsluitlik vir die doel van proe.
- (2) Indien aansoek gedoen word vir goedkeuring wat nie in die verwysings in subregulasie (1) uiteengesit, vervat is nie, moet sodanige goedkeuring volledig beskryf word, met vermelding van die artikel ingevolge waarvan dit oorweeg kan word.

**HOOFSTUK III
AANSOEK KRAGTENS ARTIKELS 16(4) EN 18 VAN DIE WET VIR 'N
GELEENTHEIDSLISENSIE****Geleentheidslisensies**

6. 'n Geleentheidslisensie word nie toegestaan nie, behalwe aan die houer van 'n lisensie in artikel 16(1) van die Wet genoem.

Indiening van aansoek

7. 'n Aansoek vir 'n geleentheidslisensie moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

8. (1) Die aansoeker wat die houer is van 'n lisensie in regulasie 6 genoem, moet skriftelik in tweevoud aansoek doen vir 'n geleentheidslisensie, wesenlik in die vorm van Vorm 4 in die Aanhangsel vervat, en moet -
- (a) in die genoemde aansoek die inligting verstrek wat in die genoemde Vorm gevra word; en
 - (b) aan die einde van die genoemde Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesels wees van volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek.

Prosedure by ontvangs van aansoek

9. Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Verslag deur aangewese polisiebeampte

10. Die aangewese polisiebeampte doen nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, kragtens artikel 38(a) van die Wet aan die Raad verslag.

Prosedure by ontvangs van polisieverslag

11. By ontvangs van die verslag kragtens regulasie 10, stel die Raad die aansoeker onverwyld van die inhoud van die polisieverslag in kennis, tensy die verlening van die aansoek nie deur die aangewese polisiebeampte teengestaan word nie.

Aansoeker se antwoord

12. Die aansoeker kan sy of haar antwoord op die polisieverslag nie later nie as sewe dae nadat hy of sy kragtens regulasie 11 kennisgewing ontvang het, by die Raad indien.

Prosedure by toestaan van aansoek

13. Indien 'n aansoek toegestaan word -
- (a) moet die aansoeker die voorgeskrewe gelde vir elke geleentheid betaal en die kwitansienommer en die datum waarop dit uitgereik is op Vorm 4 invul; en
 - (b) word 'n lisensie uitgereik, wesenlik in die vorm van Vorm 5 in die Aanhangsel vervat.

HOOFSTUK IV

AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 58 VAN DIE WET OM 'N BEHERENDE BELANG TE VERKRY IN DIE BESIGHEID WAAROP DIE LISENSIE BETREKKING HET

Indiening van aansoek

14. 'n Aansoek om 'n beherende belang te verkry in die besigheid waarop die lisensie betrekking het, moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

15. (1) Die aansoeker wat die houer van 'n lisensie is, moet tesame met die aansoeker (hierna die voorgenome persoon genoem) wat toestemming verlang om 'n beherende belang te verkry in die besigheid waarop die lisensie (uitgesonderd 'n klubdranklisensie) betrekking het, skriftelik in tweevoud aansoek doen vir sodanige toestemming, wesenlik in die vorm van Vorm 6 in die Aanhangsel vervat, en moet -
- (a) in die genoemde aansoek die inligting verstrek wat in die genoemde Vorm gevra word; en
 - (b) aan die einde van die genoemde Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek.

Prosedure by ontvangs van aansoek

16. Die Raad by wie 'n aansoek ingedien is, stuur onverwyld die afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Lasserling van polisieverslag

17. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet by die Raad in en lewer by voltooiing daarvan, op versoek, 'n afskrif aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

18. (1) Die aansoeker wat die houer van die lisensie is en die aansoeker wat die voornemende persoon is, kan nie later nie as sewe dae nadat die polisieverslag kragtens regulasie 17 by die Raad ingedien is, hul skriftelike antwoord daarop by die Raad indien en moet daarop of in 'n aanhangsel sertifiseer dat 'n afskrif aan die aangewese polisiebeampte gestuur is.
- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

19. Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n skriftelike toestemming uitgereik.

HOOFSTUK V
AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 24 VAN DIE WET OM ENIGE STRUKTURELE
VERANDERING, AANBOUING OF HERBOUING VAN OF AAN DIE GELISENSIEERDE
PERSEEL UIT TE VOER OF OM DIE GELISENSIEERDE PERSEEL UIT TE BREI

Indiening van aansoek

20. 'n Aansoek om enige strukturele verandering, aanbouing of herbouing van of aan die gelisensieerde perseel uit te voer of om die gelisensieerde perseel uit te brei, moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

21. (1) Die aansoeker wat die houer van 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie) is, moet skriftelik in tweevoud aansoek doen vir toestemming om enige strukturele verandering, aanbouing of herbouing van of aan die gelisensieerde perseel of om sodanige perseel uit te brei.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van -
- (a) 'n plan van die toepaslike gedeelte van sodanige perseel, waarop enige beoogde strukturele verandering, aanbouing of uitbreiding in rooi uitgelig word en wat, met verwysing daarna, duidelik aandui -
- (i) die afmetings van elke vertrek;
- (ii) alle deure, vensters en toonbanke (waar toepaslik) en wyse van binne- en buiteverbinding;
- (iii) die strate en plekke waarheen sodanige buiteverbinding lei; en
- (iv) hoe die toepaslike gedeelte met die bestaande perseel aaneenskakel;
- (b) 'n beskrywing van die toepaslike gedeelte van die gelisensieerde perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meublement, vaste en los toebehore en vloerbedekking, welke beskrywing in 'n afsonderlike dokument vervat moet word; en
- (c) volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek.

Prosedure by ontvangs van aansoek

22. Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Liasering van polisieverslag

23. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet by die Raad in en lewer by voltooiing daarvan, op versoek, 'n afskrif aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

24. (1) Die aansoeker kan nie later nie as sewe dae nadat die polisieverslag kragtens regulasie 23 by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike antwoord daarop by die Raad indien en moet daarop of in 'n aanhangsel sertifiseer dat 'n afskrif aan die aangewese polisiebeampte gestuur is.
- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

25. Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n skriftelike toestemming uitgereik.

HOOFSTUK VI AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 50 VAN DIE WET OM DRANK IN 'N ANDER OF BYKOMENDE PLEK OP TE BERG

Indiening van aansoek

26. 'n Aansoek om drank in 'n ander of bykomende plek op te berg, moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

27. (1) Die aansoeker wat die houër van 'n lisensie is, moet skriftelik in tweevoud aansoek doen vir 'n bepaling om drank in 'n ander of 'n bykomende plek in die munisipaliteit waarin die gelisensieerde perseel geleë is, op te berg.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van -
- (a) 'n plan van die toepaslike gedeelte van sodanige perseel, waarop sodanige plek in rooi uitgelig word en wat, met verwysing daarna, duidelik aandui -
- (i) die afmetings;
- (ii) alle deure, vensters en toonbanke (waar toepaslik) en wyse van binne- en buiteverbinding; en
- (iii) die strate en plekke waarheen sodanige buiteverbinding lei; en
- (b) 'n beskrywing van die ligging van sodanige perseel, met verwysing na die erf-, straat- of plaasnommer en die munisipaliteit waarin dit geleë is.

Prosedure by ontvangs van aansoek

28. Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Liasering van polisieverlag

29. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet by die Raad in en l'wer by voltooiing daarvan, op versoek, 'n afskrif aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

30. (1) Die aansoeker kan nie later nie as sewe dae nadat die polisieverlag kragtens regulasie 29 by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike antwoord daarop by die Raad indien en moet daarop of in 'n aanhangsel sertifiseer dat 'n afskrif aan die aangewese polisiebeampte gestuur is.
- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

31. Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n skriftelike toestemming uitgereik.

**HOOFSTUK VII
AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 57 VAN DIE WET OM DRANK KOSTELOOS TE VERSKAF
VIR DIE DOEL VAN PROE****Indiening van aansoek**

32. 'n Aansoek om drank kosteloos te verskaf vir die doel van proe moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

33. (1) Die aansoeker wat die houër van 'n dranklisensie of 'n kleinmaatvervaardigerslisensie is, moet skriftelik in tweevoud aansoek doen vir toestemming om drank kosteloos te verskaf, uitsluitlik vir die doel van proe.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van -
- (a) 'n plan van die toepaslike gedeelte van die perseel, waarop sodanige plek in rooi uitgelig word en wat, met verwysing daarna, duidelik aandui -
- (i) die afmetings;
- (ii) alle deure, vensters en toonbanke (waar toepaslik) en wyse van binne- en buiteverbinding;
- (iii) die strate en plekke waarheen sodanige buiteverbinding lei; en
- (iv) in die geval van 'n plek op die gelisensieerde perseel, hoe dit met die bestaande perseel aaneenskakel;
- (b) 'n beskrywing van die perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meublement, vaste en los toebehore en vloerbedekking, welke beskrywing in 'n afsonderlike dokument vervat moet word; en
- (c) volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek.

Prosedure by ontvangs van aansoek

34. Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Liasering van polisieverslag

35. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet by die Raad in en lewer by voltooiing daarvan 'n afskrif, op versoek, aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

36. (1) Die aansoeker kan nie later nie as sewe dae nadat die polisieverslag kragtens regulasie 35 by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike antwoord daarop by die Raad indien en moet daarop of in 'n aanhangsel spesifiseer dat 'n afskrif aan die

aangewese polisiebeampte gestuur is.

- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

37. Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n skriftelike toestemming uitgereik.

HOOFSTUK VIII AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 30 VAN DIE WET VIR DIE OORDRAG VAN 'N LISENSIE AAN IEMAND ANDERS

Indiening van aansoek

38. 'n Aansoek vir die oordrag van 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie of 'n geleentheidslisensie) moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

39. (1) Die aansoeker wat die houer van 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie of 'n geleentheidslisensie) is, moet gesamentlik met die aansoeker wat die voornemende houer is, skriftelik in tweevoud aansoek doen vir die oordrag daarvan, wesenlik in die vorm van Vorm 10 in die Aanhangsel vervat, en moet -
- (a) in die genoemde aansoek die inligting verstrek wat in die genoemde Vorm gevra word; en
- (b) aan die einde van die genoemde Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, van volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek vergesel wees.

Prosedure by ontvangs van aansoek

40. Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.

Lassering van polisieverslag

41. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 14 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet by die Raad in en lewer by voltooiing daarvan, op versoek, 'n afskrif aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

42. (1) Die aansoeker wat die houer van die lisensie is en die aansoeker wat die voornemende houer van die lisensie is, kan nie later nie as sewe dae nadat die polisieverslag kragtens regulasie 41 by die Raad ingedien is, hul skriftelike antwoord daarop by die Raad indien en moet daarop of in 'n aanhangsel spesifiseer dat 'n afskrif aan die aangewese polisiebeampte gestuur is.
- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

43. Indien 'n aansoek toegestaan word, word 'n sertifikaat van oordrag uitgereik, wesenlik in die vorm van Vorm 8 in die Aanhangel vervat.

**HOOFSTUK IX
AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 31 VAN DIE WET VIR DIE OORDRAG VAN 'N LISENSIE NA
'N ANDER PERSEEL**

Indiening van aansoek

44. 'n Aansoek vir die oordrag van 'n lisensie (uitgesonderd 'n geleentheidslisensie) na 'n ander perseel moet by die Raad ingedien word.

Vorm van aansoek

45. (1) Die aansoeker wat die houër van die lisensie (uitgesonderd 'n geleentheidslisensie) is, moet skriftelik in tweevoud aansoek doen vir die oordrag daarvan, wesenlik in die vorm van Vorm 9 in die Aanhangel vervat, en moet -
- (a) in die genoemde aansoek die inligting verskaf wat in die genoemde Vorm gevra word; en
 - (b) aan die einde van die genoemde Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.
- (2) Elke sodanige aansoek moet, wanneer dit by die Raad ingedien word, vergesel wees van -
- (a) 'n plan van die perseel, waarop duidelik aangedui word -
 - (i) die afmetings van elke vertrek;
 - (ii) alle deure, vensters en toonbanke (waar toepaslik) en wyse van binne- en buiteverbinding; en
 - (iii) die strate en plekke waarheen sodanige buiteverbinding lei;
 - (b) 'n beskrywing van die perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meubelment, vaste en los toebehore en vloerbedekking, welke beskrywing in 'n afsonderlike dokument vervat moet wees; en
 - (c) volledige skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek en enige bepaling, toestemming, goedkeuring of magtiging waarvoor gelyktydig aansoek gedoen word.
- (3) Indien gelyktydig vir 'n bepaling kragtens artikel 50(1) van die Wet aansoek gedoen word, moet die aansoeker -
- (a) die bepalings van regulasie 27(2)(a) nakom; en
 - (b) deur middel van 'n aanhangsel die inligting wat in regulasie 27(2)(b) gevra word, verstrek.
- (4) Indien gelyktydig aansoek vir 'n bepaling kragtens artikel 50(2) van die Wet gedoen

word, moet die aansoeker sodanige inligting verstrek as wat die Raad mag vra.

- (5) Indien gelyktydig vir 'n goedkeuring kragtens artikel 57 van die Wet aansoek gedoen word, moet die aansoeker -
- (a) indien die toestemming op die perseel uitgeoefen moet word, die tersaaklike inligting en besonderhede betreffende sodanige plek by die plan en beskrywing van die perseel in subregulasie (2)(a) en (b) genoem, insluit; of
 - (b) indien die toestemming op 'n aangrensende of nabygeleë perseel uitgeoefen moet word, die bepalings van regulasie 33(2)(a), (b) en (c) nakom.

Kennisgewing van voorneme om aansoek te doen

46. Die kennisgewings in artikel 20(1)(d) van die Wet genoem, welke bepaling van toepassing is, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, moet deur die aansoeker gepubliseer word, wesenlik in die vorm van Vorm 13.

Verwysings ter beskrywing van enige bepaling, toestemming, goedkeuring of magtiging

47. Die volgende verwysings moet in die kennisgewings in regulasie 46 genoem, gebruik word om enige bepaling, toestemming of goedkeuring waarvoor gelyktydig aansoek gedoen word, te beskryf:
- (a) Goedkeuring kragtens artikel 4(5) van die Wet om enige ander besigheid op die perseel voort te sit.
 - (b) Bepaling kragtens artikel 50(1) van die Wet om drank in 'n ander plek as die perseel op te berg.
 - (c) Bepaling kragtens artikel 50(2) van die Wet om drank in 'n ander plek in die Provinsie op te berg.
 - (d) Toestemming kragtens artikel 57 van die Wet om drank kosteloos te verskaf, uitsluitlik vir die doel van proe.

Prosedure by ontvangs van aansoek

48. (1) Die Raad stuur by ontvangs van die aansoek onverwyld 'n afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte vir sy of haar verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet.
- (2) Sodanige aansoek en enige dokument wat kragtens regulasie 49(1), 50 of 51(1) ingedien is, moet in die kantoor van die Raad ter insae lê en die Raad moet te alle redelike tye enigiemand toelaat om dit te ondersoek en 'n afskrif daarvan te maak.

Besware, petisies of vertoë

49. (1) Nie later nie as 28 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, kan enigiemand -
- (a) 'n skriftelike beswaar of petisie teen; of
 - (b) skriftelike vertoë of 'n petisie ter ondersteuning van,
- enige sodanige aansoek by die Raad indien en moet afdoende bewys lewer dat 'n afskrif gestuur is aan -

- (i) die persoon wat die aansoek opgestel het; en
 - (ii) die aangewese polisiebeampte.
- (2) Sodanige beswaar, petisie of verhoë moet in tweevoud ingedien word, volledig gemotiveer wees, en moet -
- (a) duidelik die beswaarmaker, petitioner of persoon wat die verhoë rig se naam, identiteitsnommer, woon- en posadres en telefoonnommer, as daar is, en waar van toepassing, die registrasienommer en geregistreerde kantoor se adres aandui; en
 - (b) die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Liasering van polisieverslag

50. Die aangewese polisiebeampte dien nie later nie as 35 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar skriftelike verslag kragtens artikel 38(a) van die Wet in viervoud by die Raad in en die Raad lewer by voltooiing daarvan, op versoek, 'n afskrif aan die aansoeker.

Aansoeker se antwoord

51. (1) Die aansoeker kan nie later nie as 42 dae nadat die aansoek by die Raad ingedien is, sy of haar antwoord op enige beswaar, petisie of verhoë kragtens regulasie 49(1) of polisieverslag kragtens regulasie 50 by die Raad indien en moet daarop of in 'n afsonderlike aanhangsel sertifiseer dat 'n afskrif aan die aangewese polisiebeampte gestuur is.
- (2) Die antwoord in subregulasie (1) genoem, moet die betrokke aansoek duidelik identifiseer.

Prosedure by toestaan van aansoek

52. Indien 'n aansoek toegestaan word ten opsigte van 'n perseel wat geskik is vir die doeleindes van die besigheid wat daarop voortgesit sal word, word 'n sertifikaat van oordrag van lisensie na 'n ander perseel uitgereik, wesenlik in die vorm van Vorm 15 in die Aanhangsel vervat.

HOOFSTUK X

AANSTELLING KRAGTENS ARTIKEL 33(1) OF (2) VAN DIE WET VAN 'N NATUURLIKE PERSOON OM DIE BESIGHEID WAAROP DIE LISENSIE BETREKKING HET, TE BESTUUR EN DAARVOOR VERANTWOORDELIK TE WEES

Vorm van aanstelling

53. (1) 'n Ander persoon as 'n natuurlike persoon wat die houer van 'n lisensie is, moet kragtens artikel 33(1) van die Wet, en 'n natuurlike persoon wat die houer van 'n lisensie is, moet kragtens artikel 33(2) van die Wet 'n natuurlike persoon aanstel om die besigheid te bestuur en daarvoor verantwoordelik te wees, wesenlik in die vorm van Vorm 12 in die Aanhangsel vervat, wat in drievoud ingevul moet word, en moet -
- (a) in die genoemde Vorm die inligting verstrek wat daarin gevra word; en
 - (b) aan die einde van die Vorm onder eed verklaar of plegtig bevestig dat die inligting wat daarin vervat is, waar is.

- (2) Die houer van die lisensie moet onverwyld 'n afskrif van sodanige Vorm per geregistreerde pos stuur aan -
- (a) die Raad; en
 - (b) 'n aangewese polisiebeampte.

HOOFSTUK XI KENNISGEWINGS KRAGTENS ARTIKEL 25 VAN DIE WET

Vorm van kennisgewing

54. 'n Kennisgewing in artikel 25(1) van die Wet vermeld, moet wesenlik wees in die vorm van Vorm 13 in die Aanhangsel vervat.

Uitrelking van kennisgewing

55. Elke sodanige kennisgewing word deur die hoof uitvoerende beampte uitgereik, wat die oorspronklike en een afskrif daarvan aan 'n aangewese polisiebeampte stuur.

Betekening van kennisgewing

56. (1) Elke sodanige kennisgewing word deur 'n polisiebeampte of inspekteur beteken deur die oorspronklike daarvan aan die persoon wat daarin genoem word, te oorhandig of, as hy of sy nie gevind kan word nie, deur dit by sy of haar woon- of werkplek of besigheid te oorhandig aan 'n persoon wat oënskynlik ouer as 18 jaar is en oënskynlik daar woon of werk.
- (2) 'n Relas deur 'n polisiebeampte of inspekteur wat die kennisgewing en die afskrif daarvan beteken het, dat die betekening daarvan kragtens subregulasie (1) geskied het, moet ná betekening daarvan onverwyld aan die hoof uitvoerende beampte gestuur word.
- (3) Die kennisgewing moet so beteken word aan die persoon daarin genoem, dat hy of sy ten minste 14 dae (Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae uitgesluit) vóór die datum waarop die vergadering sal plaasvind, in besit daarvan is.

HOOFSTUK XII AANTEKENINGE EN FAKTURE

Algemeen

57. (1) Alle aantekeninge en fakture wat kragtens die Wet gehou moet word, moet in skrif bygehou word en moet ondanks enige andersluidende wet vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van die laaste inskrywing daarin gehou word.
- (2) Veranderings in die aantekeninge en fakture in hierdie hoofstuk genoem, moet op so 'n wyse aangebring word dat die oorspronklike inskrywing duidelik leesbaar bly.

Aantekeninge wat deur die houers van klubdranklisensies bygehou moet word

58. Die houer van 'n klubdranklisensie moet die aantekeninge byhou, wesenlik in die vorm van Vorm 14 in die Aanhangsel vervat: Met dien verstande dat, indien 'n losblad- of kaartregister gebruik word, die bladsye of kaarte agtereenvolgens genommer en gebind moet word en voorts met dien verstande dat, indien meer as vyf gaste van dieselfde lid die

klub gelyktydig besoek, dit voldoende sal wees om in die aantekeninge 'n lys vas te heg wat op elke bladsy deur sodanige lid geteken is en wat die verlangde besonderhede van elke sodanige gas aandui.

HOOFSTUK XIII ALGEMENE BEPALINGS

Vorm van aansoek

59. Enige skriftelike aansoek, enige dokument wat sodanige aansoek vergesel, en enige dokument (uitgesonderd planne, wat duidelik en leesbaar moet wees) wat kragtens die Wet of Regulasies ingedien word, moet in tikskrif op standaard A4-papier wees.

Verantwoordelikheid vir korrektheid van kennisgewing

60. Die aansoeker is alleen verantwoordelik vir die korrektheid van 'n kennisgewing deur hom of haar of deur sy of haar verteenwoordiger ingedien vir publikasie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies.

Beskikbaarheid van lisensies op geïnsensleerde perseel

61. Elke lisensie en aanhangsel daartoe, elke verklaring, toestemming, bepaling, goedkeuring of magtiging kragtens hierdie Wet uitgereik of enige aanstelling kragtens aartikel 33 van die Wet gedoen, moet geïnsensleer wees op die perseel waarop die lisensie betrekking het en moet te alle redelike tye ter insae lê.

Verslag deur aangewese polisiebeampte

62. (1) 'n Verslag aan die Raad kragtens artikel 38(a) van die Wet dek minstens -
- (a) die ligging van die voorgenome perseel met betrekking tot plekke van godsdienstige aanbidding en opvoedkundige instellings;
 - (b) die misdaadstatistieke van die area waar die perseel geleë is, indien sodanige statistieke geredelik beskikbaar is;
 - (f) die kriminele rekord (indien enige) van die aansoeker;
 - (g) die aantal lisensies van dieselfde tipe reeds uitgereik in die nabyheid van die perseel ten opsigte waarvan die aansoek ingedien is; en
 - (h) die geskiktheid van die betrokke perseel vir die voorgenome gebruik daarvan.
- (2) 'n Verslag in subregulasie (1) genoem, kan ook enige ander aangeleentheid wat met die aansoek verband hou, aanspreek.

HOOFSTUK XIV GELDE

Afskrifte

63. Afskrifte van die notules in artikel 13 van die Wet genoem, kan verkry word teen betaling van die gelde wat deur Raad gehef word.

Aansoekgelde

64. (1) Geen aansoek in Deel A van Bylae 1 genoem, word by die Raad ingedien of deur die Raad oorweeg, tensy die gelde in Deel B van die genoemde Bylae uiteengesit

aan die Raad betaal is nie.

- (2) Geen bedrag of gedeelte daarvan wat kragtens subregulasie (1) betaal is, word aan die aansoeker terugbetaal nie.

Gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking van 'n lisensie

65. (1) Die gelde uiteengesit in Deel A van Bylae 2 moet binne 60 dae vanaf die uitreiking van 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en 'n geleentheidslisensie) aan die Raad betaal word.
- (2) Wanneer 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en 'n geleentheidslisensie) ná 31 Januarie van enige jaar uitgereik word, word die gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking van sodanige lisensie met een twaalfde verminder ten opsigte van elke voltooide kalendermaand wat vanaf die voorafgaande 31 Desember tot die datum van uitreiking daarvan verstryk het, en indien sodanige lisensie ná 30 Junie van enige jaar uitgereik is, word die jaarlikse gelde ten opsigte van sodanige lisensie vir die volle daaropvolgende jaar tesame met die aldus verminderde gelde betaal.

Gelde betaalbaar ten opsigte van die oordrag van 'n lisensie

66. Die gelde in Deel B van Bylae 2 uiteengesit, moet binne 60 dae vanaf die uitreiking van 'n sertifikaat van oordrag aan die Raad betaal word.

Gelde jaarliks betaalbaar ten opsigte van 'n lisensie

67. (1) Behoudens regulasie 65(2) moet daar vir die jaar wat volg op die jaar waarin die Wet in werking tree en vir elke daaropvolgende kalenderjaar die jaarlikse gelde uiteengesit in Deel C van Bylae 2 ten opsigte van elke lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en 'n geleentheidslisensie) in die provinsiale inkomstefonds inbetaal word.
- (2) Die Raad reik voor 31 Oktober van die jaar waarin die Noord-Kaap Drankwet, 2008 in werking tree en daarná voor 31 Oktober van elke daaropvolgende jaar aan elke houer van 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en 'n geleentheidslisensie) 'n advies uit, wesenlik in die vorm van Vorm 15 in die Aanhangsel vervat.
- (3) Die houer van 'n lisensie word nie onthef van die verpligting om die jaarlikse gelde in subregulasie (1) genoem, betyds te betaal as die advies nie deur hom of haar ontvang is nie.

Algemeen

68. Die Raad ontvang geen gelde vir inbetaling in die provinsiale inkomstefonds, tensy die tersaaklike aansoek, lisensie, sertifikaat of kennisgewing getoon word nie.

HOOFSTUK XV HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

Hoof uitvoerende beampte

69. (1) Die hoof uitvoerende beampte, aangestel kragtens artikel 16(1) van die Wet, moet iemand wees met gepaste kwalifikasies, kennis of ondervinding van die sake en werksaamhede van die Raad.
- (2) Die hoof uitvoerende beampte is, behoudens die beheer van die Raad, die hoof

administratiewe en rekenpligtige beamppte van die Raad.

- (3) By aanstelling van 'n hoof uitvoerende beamppte vra die verantwoordelike Lid by openbare uitnodiging aansoeke vir die betrokke betrekking, wat binne 21 dae ná sodanige versoek by die verantwoordelike Lid ingedien moet word.
- (4) Die hoof uitvoerende beamppte word vir sodanige tydperk aangestel en op sodanige bedinge en voorwaardes van diens as wat die verantwoordelike Lid mag bepaal, maar -
 - (a) word nie aangestel vir 'n tydperk langer as 5 jaar nie;
 - (b) by verstryking van die dienstermyn van die hoof uitvoerende beamppte kan hy of sy in aanmerking kom vir heraanstelling vir een verdere termyn van slegs 5 jaar;
 - (c) die hoof uitvoerende beamppte onderneem nie enige ander besoldigde werk sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die verantwoordelike Lid nie.
- (5) Die hoof uitvoerende beamppte kan met 3 maande skriftelike kennisgewing aan die verantwoordelike Lid uit sy of haar amp bedank.
- (6) Wanneer die amp van die hoof uitvoerende beamppte vakant is of die hoof uitvoerende beamppte afwesig is of onbevoeg is of weier of versuim op op te tree, kan die bevoegdheide en werksaamhede van die hoof uitvoerende beamppte uitgeoefen en verrig word deur enigiemand wat deur die verantwoordelike Lid as die waarnemenede hoof uitvoerende beamppte aangewys word, maar geen sodanige persoon tree vir 'n tydperk van langer as 6 maande altesaam as hoof uitvoerende beamppte op nie.
- (7) Terwyl iemand aangestel soos in subregulasie (6) bedoel, sodanig waarneem, kan hy of sy die hoof uitvoerende beamppte se pligte en werksaamhede uitvoer en verrig.

Verwydering van hoof uitvoerende beamppte uit die amp

70. (1) Die verantwoordelike Lid kan die hoof uitvoerende beamppte uit die amp verwyder –
- (a) op grond van sy of haar onbehoorlike optrede;
 - (b) vanweë onbekwaamheid om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig;
 - (c) op grond van 'n permanente ongesteldheid van gees of liggaam wat hom of haar onbekwaam maak om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig of behoorlik te verrig;
 - (d) op grond daarvan dat hy of sy onderworpe geraak het aan 'n diskwalifisering in artikel 9 van die Wet beoog.
- (2) Die verantwoordelike Lid kan 'n verhoor of ondersoek onderneem om te bepaal of daar voldoende rede bestaan vir die afdanking van die hoof uitvoerende beamppte soos bedoel in subregulasie (1).
 - (3) Wanneer 'n verhoor of ondersoek soos in subartikel (2) bedoel, onderneem word, kan die verantwoordelike Lid met behoorlike inagneming van die bepalinge van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), die hoof uitvoerende beamppte uit sy of haar amp skors, hangende die bevinding van sodanige verhoor of

ondersoek.

- (4) Vir die doeleindes van subregulasie (1)(a), geld nie-nakoming deur die hoof uitvoerende beamppte van enige bepaling van hierdie Wet of die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), onder andere, as onbehoorlike optrede.

Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beamppte

71. (1) Die aanstelling van die hoof uitvoerende beamppte deur die verantwoordelike Lid, soos in artikel 12(1) van die Wet bedoel, word van krag vanaf die datum waarop 'n skriftelike indiensnemingskontrak met die Raad aangegaan word, welke indiensnemingskontrak die duur van sy of haar dienstydpark as hoof uitvoerende beamppte dek.
- (2) Die indiensnemingskontrak in subregulasie (1) bedoel, bevat minstens die hoof uitvoerende beamppte se persoonlike besonderhede, ampstermyn, diensvoorwaardes, bevoegdhede, werksaamhede, verantwoordelikhede en pligte, asook sy of haar vergoeding, toelaes en voordele.
- (3) Bykomend tot die indiensnemingskontrak soos in subregulasie (1) bedoel, gaan die hoof uitvoerende beamppte jaarliks vóór die aanvang van die betrokke boekjaar 'n prestasie-ooreenkoms met die verantwoordelike Lid aan, welke prestasie-ooreenkoms se termyn met die boekjaar van die Raad saamval.
- (4) Die prestasie-ooreenkoms in subregulasie (3) bedoel, bevat minstens 'n verwysing na die boekjaar waarop sodanige prestasie-ooreenkoms betrekking het, die doel van die hoof uitvoerende beamppte se werk, die sleutelresultate-areas, finansiële en bestuurskriteria, prestasieriglyne en doelwitte van sodanige werk, asook die maatstawwe vir die beoordeling van die hoof uitvoerende beamppte se prestasie deur die Raad op minstens 'n tweejaarlikse grondslag.

HOOFSTUK XVI APPELLE KRAGTENS ARTIKEL 34(3) VAN DIE WET

Vorm van appél

72. (1) Iemand wat kragtens artikel 34(3) van die Wet appél aanteken, teken die appél in tweevoud, wesenlik in die vorm van Vorm 16 in die Aanhangsel vervat aan en –
 - (a) verstrek die inligting soos in die Vorm gevra; en
 - (b) verklaar onder eed of bevestig plegtig onderaan die Vorm dat die inligting daarin vervat waar is.
- (2) Wanneer appél by die verantwoordelike Lid aangeteken wor, gaan dit vergesel van 'n kwitansie wat bevestig dat die geld in Bylae 3 aangedui in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal is.
- (3) Indien die koste wat die verantwoordelike Lid moet aangaan om die appél te laat afhandel meer is as die geld in subregulasie (2) bedoel, betaal die persoon wat die appél aangeteken het ook die koste wat die geld te bowe gaan lavorens die verantwoordelike Lid die bevinding aangaande die appél ooreenkomstig regulasie 73(2) bekend maak.

Oorweging en afhandeling van appéle

73. (1) Die persoon aangestel kragtens artikel 34(4) van die Wet om die appél te oorweeg en af te handel, voorsien die verantwoordelike Lid binne 60 dae vanaf die aanstelling van sy of haar bevinding.
- (2) Die verantwoordelike Lid stel, behoudens regulasie 72(3), sonder versuim die persoon wat die appél kragtens artikel 34(3) van die Wet aangeteken het, per geregistreerde pos, van die bevinding in kennis.

BYLAE 1

GELDE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN SEKERE AANSOEKE
 [Reg. 64(1)]

Deel A	Deel B
Aard van aansoek	Gelde betaalbaar
Aansoek kragtens artikel 20 vir 'n lisensie (uitgesonderd 'n geleentheidslisensie)	R1 000,00
Aansoek kragtens artikel 58 om 'n beherende belang te verkry in die besigheid waarop die lisensie betrekking het	R1 000,00
Aansoek kragtens artikel 30 vir die oordrag van 'n lisensie aan 'n ander persoon	R1 000,00
Aansoek kragtens artikel 31 vir die oordrag van 'n lisensie na 'n ander perseel	R1 000,00

BYLAE 2

GELDE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN LISENSIES [ONDERWORPE AAN VERMINDERING KRAGTENS REGULASIE 65(2)]

[Reg. 65(1)]

[Reg. 66]

[Reg. 67(1)]

Lisensie	Deel A	Deel B	Deel C
	Gelde betaalbaar ten opsigte van 'n nuwe lisensie	Gelde betaalbaar ten opsigte van die oordrag van 'n lisensie	Jaarlikse lisensiegelde
Artikel 16(1)			
Hoteldranklisensie	R2 000,00	R1 000,00	R4 500,00
Restourantdrinklisensie	R2 000,00	R1 000,00	R4 500,00
Wynhuislisensie	R2 000,00	R1 500,00	R4 500,00
Teaterdrinklisensie	R1 000,00	R700,00	R2 000,00
Klubdrinklisensie	R1 000,00	R1 000,00	R3 500,00
Lisensie vir drinklokaal wat sorghumbier verkoop	R300,00	R200,00	R400,00
Tavernelisensie	R2 500,00	R1 000,00	R5 000,00
Gastehuislisensie	R2 000,00	R1 000,00	R2 000,00
Nagklublisensie	R3 000,00	R1 500,00	R6 000,00
Dobbelhuislisensie	R3 000,00	R1 500,00	R3 000,00
Artikel 16(2)			
Drankwinkellisensie	R2	R1	R3

Kruidenierswynlisensie	000,00 R1	000,00 R500,00	500,00 R2
Lisensie vir 'n besigheid wat sorghumbier verkoop	000,00 R500,00	R300,00	500,00 R500,00
Artikel 16(3) Kleinmaatvervaardigerslisensie	R3 000,00	R2 000,00	R4 000,00
Artikel 16(4) Geleentheidslisensie	R200 per dag		

BYLAE 3

APPÉLGELDE
[Reg. 69(2)]

Aansoek	Gelde betaalbaar
Artikel 34(3) Appélaansoek	R1 000,00

AANHANGSEL
VORM 1
AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 20 VAN DIE WET VIR 'N LISENSIE
[Reg. 3(1)]

Datumstempel van
Raad

Vir amptelike gebruik

Bedrag R

.....

Kwitansieno.

.....

Datum

.....

.....

NOORD-KAAP DRANKWET, 2008

INHOUDSOPGAWE

Beskrywing van document

*Aanhangsels tot
Vorm 1*

(i) Aansoek

Vorm 1

- (ii) Plan van die perseel [artikel 20(1)(b)] A
- (iii) Beskrywing of foto's van die perseel [artikel 20(1)(c)] B
- (iv) Volledige skriftelike vertoë [artikel 20(1)(a)] C
- (v) Bewys van kennisgewings deur artikel 20(1)(d) vereis D
- (vi) Bewys van betaling van voorgeskrewe gelde [artikel 20(1)(f)] E
- (vii) Verslag van munisipaliteit [artikel 20(1)(g)] F

Aansoek opgestel
deur.....
.....

Posadres
.....
.....

Telefoonno.
.....
.....

1 (a) Volle naam van aansoeker
.....

(b) Ouderdom
.....
.....

(c) Identiteitsnommer of in die geval van 'n maatskappy of beslote korporasie, die registrasienommer daarvan
.....
.....

(d) Woonadres of adres van geregistreerde kantoor
.....

(e) Besigheidsadres en ligging van die perseel waarop die aansoek betrekking het
.....
.....

(f) Posadres
.....
.....

(g) Besigheidstelefoonnommer
.....

[Skrap (b) indien aansoeker nie 'n natuurlike persoon is nie]

2 (a) Is aansoeker -

(i) 'n minderjarige? Ja Nee

(ii) iemand wat binne 10 jaar vóór die datum van indiening van die aansoek vir 'n lisensie gevonniss

is vir moord, verkragting, roof, bedrog, handel in of besit van dwelms, kindermishandeling, 'n misdryf wat oneerlikheid behels, of oortreding van van hierdie Wet of die Nasionale Drankwet?

Ja	Nee
----	-----

(iii) 'n ongerehabiliteerde insolvent?

Ja	Nee
----	-----

(iv) die gade van 'n persoon in subparagrafe (ii) of (iii) bedoel?

(Merk die toepaslike blokkie)

Ja	Nee
----	-----

(b) Indien die aansoeker 'n maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of trust is, meld of iemand in subparagraaf (a) bedoel -

(i) 'n beheerende belang in so 'n maatskappy, beslote korporasie of trust het

Ja	Nee
----	-----

(ii) 'n vennoot in so 'n vennootskap is

Ja	Nee
----	-----

(iii) die hoofbegunstigde ingevolge so 'n trust is

(Merk die toepaslike blokkie)

Ja	Nee
----	-----

(c) Indien enige van die vrae in subparagrafe (a) of (b) bevestigend beantwoord is, verstrek volledige besonderhede

.....

 (Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

- 3 (a) Meld die naam, identiteitsnommer en adres van elke persoon, die aansoeker ingesluit, wat enige geldelike belang in die besigheid sal hê en in elke geval die aard en omvang van sodanige belang. [Indien die aansoeker 'n openbare maatskappy, statutêre instelling of 'n koöperasie is, soos bedoel in die Koöperasiewet, 1981 (Wet No. 91 van 1981), is dit voldoende indien slegs die naam en posadres van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperasie, na gelang van die geval, die naam van elke direkteur (indien enige) daarvan en die aard en omvang van die geldelike belang van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperasie verstrek word en nie ook die belange van individuele lede van sodanige maatskappy, statutêre instelling of

koöperasie nie.].....

.....
.....
(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

- (b) Meld die geldelike belang in die drankbedryf in die Provinsie van die aansoeker en indien die aansoeker 'n privaat maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of trust is, ook van elke aandeelhouer, lid of vennoot daarvan of begunstigde daaronder. (Indien die aansoeker of die genoemde aandeelhouer, lid, vennoot of begunstigde nie sodanige belang het nie, moet hierdie feit spesifiek vermeld word.)

.....
.....
(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

- 4 (a) Meld soort lisensie waarvoor aansoek gedoen word.....

- (b) Meld wat die aansoeker voornemens is om ingevolge daarvan te verkoop

- 5 Indien aansoek vir 'n kleinmaatvervaardigerlisensie vir die produsering van wyn alleenlik gedoen word -

- (a) Is die aansoeker -

(i) iemand wat wynbou beoefen?

Ja

Nee

(ii) 'n vereniging van persone waarvan die meerderheid van die lede wynbou beoefen?

Ja

Nee

(iii) 'n koöperatiewe vereniging wat wyn vervaardig van druiwe deur lede van die koöperatiewe vereniging geproduseer en van wie geen ander sodanige koöperatiewe vereniging 'n lid is nie?

Ja

Nee

- (b) beskryf die ligging van die perseel waar die betrokke drank vervaardig word met verwysing na die erf-, straat- of plaasnommer

.....
.....
(Skrap paragraaf 5 indien nie van toepassing)
(Merk die toepaslike blokkie)

6 Indien aansoek vir 'n kleinmaatvervaardigerslisensie gedoen word -

(a) is die aansoeker iemand wat -

(i) wynbou beoefen?

 Ja Nee

(ii) enige ander gegiste drank vervaardig?

 Ja Nee

(b) beskryf die ligging van die perseel waar die betrokke drank vervaardig word met verwysing na die erf-, straat- of plaasnommer

.....
.....

(Skrap paragraaf 6 indien nie van toepassing)
(Merk die toepaslike blokkie)

7 In die geval van 'n sorghumbierlisensie, meld of dit die voorneme is om drank vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel te verkoop

8 Onder watter naam sal die besigheid voortgesit word?

.....

9 (a) Beskryf die die ligging van die perseel waar die betrokke besigheid voortgesit sal word met verwysing na die erf-, straat- of plaasnommer

.....
.....

(b) In watter munisipaliteit is die perseel in subparagraaf (a) vermeld, geleë?

.....
.....

10 Sal die aansoeker die reg hê om die perseel in paragraaf 9 vermeld, met inbegrip van sodanige plek op 'n ander perseel waarop enige goedkeuring uitgeoefen sal word, te okkupeer vir die doel van die lisensie waarvoor aansoek gedoen word?

(Merk die toepaslike blokkie)

 Ja Nee

11 In die geval van 'n aansoek vir 'n binneverbruiklisensie, meld in watter gedeelte van die perseel drank verkoop sal word

.....
.....

12 (a) Word aansoek gedoen ten opsigte van 'n perseel

(i) wat nog nie opgerig is nie?

 Ja Nee of

- (ii) wat reeds opgerig is, maar aanbouings of veranderings vereis ten einde dit vir die doeleindes van die beoogde besigheid geskik te maak?

Ja

Nee of

- (iii) wat reeds opgerig is en volgens die aansoeker se mening geen aanbouings of veranderings vereis ten einde dit vir sodanige doeleindes geskik te maak nie?

Ja

Nee

- (b) Indien paragraaf 12(a)(i) of (ii) van toepassing is, meld -

- (i) die datum waarop daar met sodanige oprigting, aanbouings of veranderings begin sal word; en
(ii) die tydperk wat vereis sal word vir die oprigting, aanbouings of veranderings

Ja

Nee

13 In die geval van 'n klubdranklisensie, heg 'n afskrif van die klubreëls, gesertifiseer deur die president, voorsitter of sekretaris daarvan, aan

Aanhangsel

.....
.....

Ek verklaar/bevestig plegtig dat die inligting in hierdie aansoek verstrek en die dokumente wat daarby aangeheg is, waar is.

Datum

.....

.....

*Handtekening van aansoeker of persoon
gemagtig om aansoek te teken*

Ek sertifiseer dat hierdie verklaring geteken en beëdig/bevestig is voor my te op hierdie dag van deur die aansoeker/persoon gemagtig om aansoek te teken, wat erken het dat -

- (i) hy/sy vertrou is met die inhoud van hierdie verklaring en dat hy/sy dit begryp;
(ii) hy/sy geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed/bevestiging nie; en
(iii) hy/sy die voorgeskrewe eed as bindend vir sy/haar gewete beskou,

en dat hy/sy die volgende woorde geuiter het:

"Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God." / "Ek bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring waar is."

.....

.....
Kommissaris van Ede

Volle naam

.....
.....

Besigheidsadres

.....
..

Ampstitel

.....
.....

Gebied waarvoor aangestel

.....

Amp indien ampshalwe aangestel

.....

VORM 2
KENNISGEWING VAN VOORNEME OM KRAGTENS ARTIKEL 20 VAN DIE WET VIR 'N
LISENSIE AANSOEK TE DOEN
[Reg. 4(1)]

NOORD-KAAP DRANKWET, 2008				
Kennis geskied hierby dat dit die voorneme is om die bogenoemde aansoek, waarvan besonderhede hieronder verskyn, by die Noord-Kaap Drankraad in te dien.				
1	2	3	4	5
